**Ouderdom 14-18 jaar**

**Jaar 1 Boek 1**

Saamgestel deur: Die **Raad vir Christelike Opvoedkunde** van die Afrikaanse Batistekerke 1995, Kempton Park, Gauteng

| | |
|---|---|
| Oorspronklike materiaal: | International Publication Services<br>abk-yt11t-rsa-afk |
| Redaksie: | Annelie Venter |
| Skrywers: | Fasie Badenhorst<br>Ds. Johan Jansen<br>Martie Spangenberg<br>Frank Miller |
| Bladuitleg: | Marcel Versfeld |
| Leerplankomitee: | Ds. S Coertze, Dr. CW Lehmkühl, Mev. A. Venter en Ds. M. Versfeld |


**Adres vir bestellings:**

**Die Leerplankomitee**
**Posbus 1605**
**Kempton Park**
**1620**

neerskryf.

* **Wat staan jou te doen wanneer jou vriende se handelinge teenstrydig is met wat die Bybel jou leer?**
* **Wat moet jy doen indien die Bybelse leerstellings met die algemene aanvaarde norme in ons samelewing bots?**

Die Christen moet enigiets wat nie met Christus se leer ooreenkom nie, verwerp. 'n Christen moet vas staan op die Woord van God ongeag wat vriende doen of sê. Bid nou en verbind jou daartoe om jou toekomstige huisgesin op Christus se fondasie te bou.

Laat 'n paar oomblikke vir stil gebed toe.

Laat die studente die geheuegedeelte opsê totdat hulle dit ken. Herinner hulle aan die "Kopkrap-tyd.

**Gedagtes vir voorbidding**

* Bid dat jou studente hul verhoudings op 'n stewige fondasie, naamlik Jesus Christus, sal bou.

* Bid dat hulle hulself sal verbind tot 'n Christelike huwelik as grondslag vir hul huisgesin.

* Bid dat jou gesin 'n goeie voorbeeld sal wees vir die jongmense in jou gemeenskap.



# Voorwoord:

Die daarstelling van hierdie studiemateriaal is die gevolg van jarelange strewe van die **Raad van Christelike Opvoedkunde** van die Afrikaanse Baptiste Kerke. Hierdie strewe het begin by die nood van gemeentes vir geskikte Sondagskoollesmateriaal aangesien bestaande materiaal so in die algemeen met Bybelse inligting omgaan, dat geen leerstellige sake aangesny word nie òf so deur die skrywer(s) se denomisasionele leerstellings deurweek is, dat dit onmoontlik sou wees om dit effektief in Baptiste Kerke aan te wend.

Die inisiatief van die Baptiste Vrouefederasie om fondse vir dié saak in te samel het dan die projek ook die nodige finansiële hupstoot gegee. Andere wat toegelaat het dat die Here Jesus Christus hulle gebruik, is die skrywers en die leerplankomitee wat op onbaatsugtige wyse baie tyd en met moeite die werk voltooi het. Aan almal wat op een of ander wyse gehelp het, word hiermee baie dankie gesê.

Die materiaal is oorspronklik deur "International Publication Services" gepubliseer en aan die leerplankomitee beskikbaar gestel om te gebruik "soos hulle dit goedvind". Dit is so ontwerp om 'n onderwysershandleiding te voorsien sodat die onderwyser die nodige agtergrond vir die Skrifdeel kan verkry en om 'n basiese aanbieding voor te stel. In die studentewerkboek word elke les opsommend gegee en waar van toepassing, bepaalde handwerk of tuiswerk voorgestel. Ouers moet, veral waar die student jonk is om te lees, die inligting saam met die kind verwerk.

Hierdie is voorwaar 'n mylpaal in die lewe van die Afrikaanse Baptiste Kerke. Innige dank en eer aan God vir Sy genade en liefde. My bede is dat baie studente deur die gebruik van hierdie materiaal tot geloof in Christus Jesus sal kom. Mag die Here se Naam verheerlik word omdat Sy kerk Sy opdrag uitvoer - Matteus 28:19 en 20.

Dr. CW Lehmkühl
Voorsitter: Raad van Christelike Opvoedkunde
Kempton Park
Februarie
1995

# Inhoudsopgawe

**Jaar 1 Boek 1**

**Eenheid 1** **Jesus in Johannes se evangelie**

Les 1 Jesus, God se plan van verlossing . . . . . 2
Les 2 Jesus begin Sy bediening . . . . . 6
Les 3 Jesus demonstreer Sy mag . . . . . 9
Les 4 Jesus leer oor die weergeboorte . . . . . 13
Les 5 Die gesag van Jesus . . . . . 17
Les 6 Die woorde van ewige lewe . . . . . 20
Les 7 Jesus, Here oor die dood . . . . . 23
Les 8 Jesus word verraai en verloën . . . . . 26
Les 9 Jesus word gekruisig . . . . . 29
Les 10 Jesus lewe . . . . . 32

**Eenheid 2** **Die begin**

Les 11 Die God van die skepping . . . . . 35
Les 12 Die wêreld wat God geskep het . . . . . 37
Les 13 Die mens wat God geskep het . . . . . 40
Les 14 Die vrou wat deur God gemaak is . . . . . 42
Les 15 Die skepping van die huisgesin . . . . . 45



sonde.

**Leerhulpmiddels**
Krytbord of groot velle papier.

5. **Inleiding**
Vra jou studente om die volgende op papier te skryf: "Redes hoekom jy sal wil trou of nie trou nie."

In baie huwelike gaan bly die jonggetroudes by hul ouers. Is daar 'n gevaar daaraan verbonde? Stem dit ooreen met Genesis 2:24?

Een van die redes wat jong mans aanvoer, is dat hulle weens ekonomiese omstandighede by hulle ouers moet woon, anders kan hulle dit nie bekostig om te trou nie. Wat dink jy van hierdie rede?

Kom ons bespreek die praktiese bedoeling van Genesis 2:24. Wat beteken hierdie vers wanneer dit sê dat 'n man sy pa en ma moet verlaat en saam met sy vrou moet lewe en hulle sal een word? Wat sal die gevolge wees indien die jonggetroudes dit nie doen nie?

6. **Inhoud**
Die Christelike leer oor die huwelik is baie duidelik. Dit moet 'n monogamie wees: 'n huwelik van een man met een vrou. Om twee of meer huweliksmaats lief te hê is onmoontlik.

In die vorige les is God se doel met die skepping van verskillende geslagte duidelik gemaak. Die twee geslagte was geskep, sodat hulle mekaar kan aanvul en mekaar kan help om tot volle menswaardigheid te ontwikkel. Daarom is dit verkeerd van 'n man om sy vrou net te gebruik as bediende en om sy kinders in die wêreld te bring. Sy is sy metgesel met wie hy sy lewe moet deel.

Genesis 2:24 is die hoeksteen waarop die huisgesin gebou word. Die man moet sy ouers verlaat en saam met sy vrou lewe. Dit is 'n publieke verbintenis waarvan ander mense getuies moet wees. Dit is 'n wetlike ooreenkoms wat deur die staat erken word. In die 1933 vertaling van die Afrikaanse Bybel lees Genesis 2:24 as volg: "Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef." Aankleef beteken verbind, bly aan mekaar en 'n eenheid vorm wat niks kan skei nie. Ware liefde is die basis van hierdie eenheid.

7. **Slot**
Lees nou die slotgedeelte van hierdie les in jou boek aan die studente voor:

> "Jy sal voor sekere besluite te staan kom wat jy sal moet maak. Antwoord die volgende vrae wat ek vir julle op die krytbord gaan

Les 15

# Die skepping van die huisgesin

1. **Skrifgedeelte**
Genesis 2:23-24, Matteus 19:4-6.

2. **Doelstelling**
Om aan die student te toon dat die huwelik die fondament is waarop die huisgesin gebou word.

3. **Geheuegedeelte**
Genesis 2:24: "Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word."

4. **Agtergrond**
Lees ook Spreuke 18:22, Matteus 5:32, Hebreërs 13:4.

Ons het uit die vorige lesse geleer dat God, nadat Hy die man gemaak het, die vrou as helper en metgesel vir die man geskape het (Genesis 2:20:22).

Uit Genesis 2:23 blyk dit dat die man verheug was toe hy die vrou gesien het. Die man het die vrou gesien as iemand met wie hy 'n egte persoonlike verhouding kon hê. Sy was van meer waarde vir hom as enigiets anders in die wêreld. Hy het van haar gesê: "Sy is nou eintlik been van my gebeente en vlees van my vlees" (Genesis 2:23, :1933 vertaling van die Afrikaanse Bybel). Hy het haar erken as iemand met wie hy sy hele lewe kon deel.

Genesis 2:24 beskryf die grondslag en aard van hierdie verhouding. Die verhouding is veronderstel om kompleet en blywend te wees. Dit behoort meer blywend te wees as ons verhouding met ons ouers en ander familielede.

Dit is 'n lewe wat tenvolle deur man en vrou gedeel word. Hulle deel in hul oortuigings, idees, belangstellings, ideale, verdriet, blydskap, welslae, terugslae en aardse besittings. Hulle deel intimiteit. Die huwelik is vir een man en een vrou bedoel.

Jesus se leer oor die huwelik handhaaf die ideale soos vervat in Genesis 2:23-24. Verwys na Matteus 19:4-6.

Hebreërs 13:4 leer dat seks binne die huwelik eerbaar is. Almal wat aan onbetaamlike geslagsomgang meedoen, sal nie die straf van God vryspring nie. Buite egtelike verhoudings en buite egtelike seksuele verhoudings is



Les 1

# Jesus, God se plan van verlossing

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 1:1-5, 9-18

2. **Doelstelling**
Om die student te leer dat Jesus Christus God se plan van verlossing in werking kom stel het.

3. **Geheuegedeelte**
Johannes 1:18 "Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is,diè het Hom bekend gemaak."

4. **Agtergrond**
Johannes,die skrywer van die Evangelie, was die seun van Sebedèüs,'n visserman van aansien.Sy moeder was Salòme. Sy ouers het naby die see van Galilea, in Betsàida, gwoon.

Johannes het sy eie huis in Jerusalem gehad en dit wil voorkom asof hy 'n vermoënde man was. Johannes gee ons 'n persoonlike weergawe van Jesus se lewe en wandel op die aarde omdat hy hom persoonlik geken het.

4.1 **Jesus, die openbaring van God (Johannes 1:1-5)**

Johannes skryf vanuit 'n persoonlike ondervinding met Jesus. Hy skrywe sodat mense redding sal vind en kan deel in die blydskap en vreugde wat hy in Christus het.

Lees Hebreërs 1:1-4. Dit verduidelik dat God vroeër deur Sy profete gespreek het - nou spreek hy deur sy Eniggebore Seun,Jesus Christus. Jesus spreek van Sy eie teenwoordigheid by die Vader toe hy gebid het in Johannes 17:5 (lees die vers).

Volgens Johannes, het Jesus God aan die mens bekend gestel (Johannes 14:8-9). Paulus skryf van Christus as die Skepper van alle dinge (Kolessense 1:16-17). Al die verse leer ons dat Jesus Christus die Eniggebore Seun van God is. **Hy is God**.

Jesus vertel van die lewe wat Hy wil hê ons moet besit. Hy sê dit

is 'n oorvloedige lewe (Johannes 10:10). God het Jesus gestuur om aan ons te toon hoe ons moet lewe.

4.2 **Die mense se gevoel oor Jesus (Johannes 1:9-13)**

Johannes was verbaas dat selfs Jesus se eie volk, die Jode, hulle rug op Jesus gedraai het. God het die Jode voorberei vir die koms van die Messias, maar hulle het hom nie ontvang nie.

Vers 12 toon aan dat 'n persoon slegs 'n Christen kan word deur Jesus aan te neem. Paulus verklaar in Galasiërs 3:26 dat ons slegs deur die geloof in Jesus Christus, kinders van God kan word.

4.3 **Hy het God aan die mens bekend gestel (Johannes 1:14)**

Mense van die eerste eeu wat nie geglo het dat Jesus waarlik mens was nie, is gnostici genoem. Hulle het geglo dat Jesus net 'n geestelike wese was - een wat verskil het van 'n alledaagse mens. Dit was verkeerd. Johannes verklaar dat Jesus 'n mens was met vlees en bloed. Hy was volkome mens. Maar:"Die Woord het vlees geword...." (Johannes 1:14). Hy het niks van Sy ewige heerlikheid verloor wat Hy van die Vader ontvang het nie. Hy was algeheel God en algeheel mens. Dit staan bekend as die vleeswording. God het mens geword en op aarde kom woon as God en mens. Alhoewel hy 'n man was, gebore soos ons, was hy sonder sonde (Galasiërs 4:4, Filippense 2:7).

Johannes getuig dat hy Jesus in heerlikheid aanskou het, die heerlikheid van God. Johannes het gesien en van die heerlikheid geskryf. Lees Johannes 1:2 en 14. Hierdie waarhede is 'n wonder wat in geloof aanvaar moet word. Alhoewel ons nie alles ten volle verstaan nie, kan ons diè waarhede glo wat in die Skrif vervat is.

5. **Inleiding**

Ons geniet almal verhale oor die lewe van beroemde mense wat 'n groot invloed op die wêreld gehad het. Dit is egter baie interessant as diè persoon wat die storie vertel die persoon persoonlik geken het of as hy sy boesemvriend was. Ons kan die verhaal makliker glo omdat dit deur 'n ooggetuie oorvertel word. In sulke verhale leer ons die persoon beter ken deur die woorde van sy vriend.

Dit is hier waar van Johannes se vertelling oor Jesus. Johannes het Jesus baie goed geken. Ons sal Jesus beter leer ken, terwyl ons die evangelie van



Die diere kon nie aan hom kameraadskap gee nie. God het aan hom 'n helper en kameraad gegee - die vrou. Ons het almal ander mense nodig om ons persoonlikheid af te rond. Ons is sosiale wesens.

Wat dink jy is belangliker, 'n naald sonder gare of gare sonder 'n naald? Albei is belangrik. Die een kan nie sonder die ander klaar kom nie.

Hierdie verse vertel ons ook dat die vrou uit die man geskep is. Hulle is deel van mekaar. Hulle is geroepe om mekaar lief te hê, om hulself aan mekaar te gee, om verantwoordelik te wees teenoor mekaar en om mekaar se lewe te deel. Hulle is ewe belangrik vir mekaar.

7. **Slot**

Jesus het ons geleer dat alle mans en vroue ewe belangrik en waardevol vir God is. Hy het Homself vir almal gegee. Dit het nie saak gemaak of hulle mans of vrouens was nie. Watter betekenis hou dit vir jou in?

Die man en vrou verskil van mekaar sodat hulle mekaar kan komplimenteer, aanvul en afrond. Enigiets wat 'n mense diskrimineer, hul menswaardigheid aanraak, hulle onregverdig behandel, moet verwerp word. Liefde en respek moet die basis wees van al ons verhoudings met mense.

Wat is die verpligtinge van 'n man tot sy vrou? Wat is dié van 'n vrou tot haar man? Ons verhoudings kan nie reg wees totdat ons elkeen dit verstaan en doen nie.

Laat die studente die geheuegedeelte opsê. Wys hulle op die "Kop-krap tyd" en moedig hulle aan om dit te doen.

**Gedagtes vir voorbidding**

* Bid dat jou studente die vrou se waadigheid en waarde voor God sal verstaan.
* Bid dat liefde en respek die basis van al ons verhoudings met mense sal wees.
* Bid dat jou gesin 'n voorbeeld van liefde en respek vir jou medemens sal wees.

In Efesiërs 5:25 vergelyk Paulus die verwantskap tussen man en vrou met Christus se verwantskap met sy kerk. Die man moet sy vrou liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. 'n Man het geen reg om van sy vrou 'n slaaf te maak nie. Christus se liefde word gesien in dienslewering en opoffering.

Titus 2:4-5 vermaan Christen vroue om die gesin en huis as goeie huisvrouens en moeders te dien. Die vrou moet onderdanig aan haar man wees - hom as die hoof van die huis erken.

**Leerhulpmiddels**
Krytbord of groot vel papier (om vyf vrae op te skryf).

5. **Inleiding**
Laat die klas die inleiding tot les 14 in hul studentewerkboekies lees. Vra na 'n rukkie of hulle enige gevalle van menseverhoudings wat goed begin het en nie uitgewerk het nie, kan onthou?

Ons het almal al verhoudings tussen mans en vroue, huweliksmaats, seuns en dogters waargeneem. Beskryf die aard van hierdie verhoudings. Verdeel die klas in groepe: nie meer as vyf in elke groep nie. Elke groep kies 'n voorsitter en sekretaris. Die sekretaris moet notas neem. Verduidelik dat jy vyf vrae op die bord vir hulle gaan skryf om te bespreek. Laat nie meer as tien minute vir hierdie deel van die klastyd toe nie.

**Vrae vir bespreking**
* Sou jy sê dat die verhoudings tussen mans en vroue, huweliksmaats en seuns en dogters in jou gemeenskap, goed is? Motiveer jou antwoord.
* Wat is die mans in jou gemeenskap se gesindheid teenoor vroue? Beskou mans vroue as hulle gelykes, as slavinne, as bediendes of as besittings?
* Lees Genesis 2:18-22. Watter stellings oor die verhoudings tussen die manlike en vroulike geslagte word in hierdie gedeelte gemaak?
* Oordink jou verhouding met jou pa, jou ma, jou suster, jou beste vriend, jou oom. Waarom is jou verhouding met elkeen verskillend?
* Sou jy anders optree as hulle van die teenoorgestelde geslag was?

Volgens die Ou Testament spruit die waardigheid en die waarde van mans en vroue daaruit dat hulle deur God na sy beeld geskape is. Genesis 2:18-22 bewys aan ons dat die vrou 'n baie belangrik deel van die skepping was. Daar is geen aanduiding in hierdie verse dat 'n man verhewe bo 'n vrou is of dat 'n vrou 'n man se slavin is nie. Watter verse vertel ons dat die man alleen onvolledig was?



Johannes bestudeer.

6. **Inhoud**

a. Vra die leerlinge om aan te dui wat hulle van die Evangelie van Johannes weet en skryf dit op die krytbord neer soos hulle reageer.

b. Laat 'n leerling Johannes 20:31 voorlees. Let op die rede waarom Johannes die evangelie geskryf het.

c. Vra een van die leerlinge om Johannes 1:1-5 te lees. Nadat daar gelees is, kan u vra: "Wat is die drie bewyse wat Johannes aangee dat Jesus die Seun van God is?" Maak seker dat die leerlinge die vraag verstaan en dat die volgende redes duidelik na vore kom:
    * Hy bestaan van die begin af.
    * Hy het alle dinge geskep.
    * Hy is lig en lewe.

   Bespreek die betekenis van elk van die antwoorde. Gebruik van die aangewese skrifgedeeltes in jou handleiding.

d. Waarom moes die Jode Jesus aanvaar het?
   Hulle moes Hom aanvaar omdat Hy 'n Jood uit die geslag van Dawid was. De profete het lank reeds voorspel dat Hy sou kom. Hy het elke profesie in die Ou Testament met betrekking tot die komende Messias vervul.

e. Bespreek die betekenis van Johannes 1:12-13. Beklemtoon die weg tot saligheid en die wyse waardeur 'n persoon 'n kind van God kan word.

   Vra 'n leerling om Johannes 1:14 voor te lees en in sy eie woorde te verduidelik. Bespreek die belangrikheid om sekere dinge in die geloof aan te neem.

7. **Slot**
Jesus het gesê Hy is die Lig van die Lewe. Laat een van die leerlinge Johannes 14:6 en Johannes 8:12 voorlees. Jesus het dikwels na Homself as die lig verwys. Hy was volgens Johannes 9:5 die lig van die wêreld.

In Johannes 8:12 en 12:46 verwys Jesus na homself as die lig wat die duisternis (sonde) oorwin. Johannes 1:5 leer dat hy volkome oorwinning

oor sonde en Satan behaal het. Die duisternis, dit is sonde, kan nooit diè lig oorweldig nie. Bevestig hierdie waarhede deur die leerlinge diè teksverse te laat slaan en lees.

Lig is noodsaaklik vir lewe. Dit is noodsaaklik vir plante om voedsel met behulp van lig te maak. 'n Groen plant sal nie baie lank lewe as dit in 'n donker kamer geplaas word nie. Dit kan nie voedsel vervaardig sonder lig nie. Dit is dieselfde met 'n Christen. Ons kan nie sonder Jesus Christus lewe nie.

Hy is ons lig en sonder hom het ons geen geestelike voedsel om ons aan die lewe te hou nie. Ons moet elke dag tyd afstaan met Jesus sodat ons voedsel kan kry om geestelik te kan groei en sterk te word (lees Hebreërs 5:12 en 1 Petrus 2:2 in diè verband).

**Voorstelle vir persoonlike voorbidding:**

1. Bid dat jy bekwaam sal wees om jou leerlinge te leer dat Jesus God en mens is.

2. Bid dat diè leerlinge wat ongered en/of onseker is, Jesus as hul persoonlike Verlosser sal aanneem (wees voorbereid om die weg van Saligheid te verduidelik nadat jy vasgestel het wat hul elkeen se bepaalde behoefte is).

3. Bid dat elke leerling in jou klas die noodsaaklikheid sal verstaan om tyd af te staan met Jesus deur gebed en Bybel studie. Vra jou leerlinge om hulle vrywillig daartoe te verbind.



**Les 14**

# Die vrou wat deur God gemaak is

1. **Skrifgedeelte**
Genesis 2:18-22

2. **Doelstelling**
Om aan die student te toon dat die vrou waarde voor God het.

3. **Geheuegedeelte**
Efesiërs 5:25: "Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het."

4. **Agtergrond**
(Verwys na Efesiërs 5:25, Kolossense 3:19, Titus 24-5.)

Ons het alreeds in Genesis 1:26-28 gesien dat seksualiteit (geslagtelikheid) in wese deel is van die menslike persoon. Elkeen is òf manlik òf vroulik gebore. Ons geluk hang baie af van hoe ons as man of vrou lewe. Seksualiteit is deel van die menslike natuur.

In hierdie Skrifgedeelte het ons ook ontdek dat die man en vrou mekaar se gelyke is. God het hulle albei geskape en hulle na sy ewebeeld gemaak. Aan hulle het die Here 'n mandaat gegee om die aarde te ontwikkel en daaroor te heers.

Genesis 2:18-22 beklemtoon die volgende:

* Die huwelik is volgens die wil van God; Hy maak dit moontlik en seën dit.
* Man en vrou is gemaak om saam te leef. Hulle word deelgenote, verenig deur onderlinge respek en liefde.
* Die man en vrou vul mekaar volkome aan.

Hieruit lei ons af dat man en vrou geroepe is om mekaar lief te hê, om hulself aan mekaar te gee en om mekaar van isolasie en selfsug te beskerm. Hulle moet verantwoordelik wees teenoor mekaar en hul lewe in eenheid, geregtigheid en vrede deel.

Genesis 2:21-22 sê vir ons dat God 'n ribbebeen van die man gebruik het om die vrou te maak. Dit beteken die man en vrou is deel van mekaar. Dit volg dan dat 'n man sonder 'n vrou en 'n vrou sonder 'n man nie in hulself kompleet is nie.

woorde van vers 26? Beteken dit dat God soos die mens lyk?" Bespreek sonder om saam te stem of te verskil. Vra: "Wat verstaan julle oor Genesis 1:28? Wat is die drie opdragte wat God aan die mens gegee het? Dink julle die mens het die opdragte uitgevoer?"

6. **Inhoud**

Sê : "Ons het uitgevind dat die skepping van die mens baie spesiaal was. Mense is uniek en die kroon van die skepping. Die mens kan dink, liefhê en kan keuses uitvoer. Die mens het ook 'n opdrag om die aarde te ontwikkel en daaroor te heers. In sekere opsigte het die mens hierin geslaag. Die mens het die aarde bewoon en hy gebruik die aarde om sy behoeftes te bevredig. In sekere opsigte het die mens gefaal in sy pligte. Die bome en plantegroei word uitgewis, die lande is oorbewerk, ensovoorts.

7. **Slot**

Vra : "Waarom is ons geskape?" Die mens is geskape om God te verheerlik. Ons moet in 'n lewende verhouding staan met God. Die mens moet in harmonie met sy naaste lewe. Die mens is geskape om oor die aarde te heers. Daag die studente uit met die volgende vraag: "Hoe is jou verhouding met God?" Verheerlik jy Hom deur jou lewe?



**Les 2**

# Jesus begin sy bediening

1. **Skrifgedeelte**

Johannes 1:19-34.

2. **Doelstelling**

Om die studente te leer hoe om die nederige voorbeeld van Johannes die doper na te volg.

3. Geheuegedeelte

Johannes 1:34 "Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God".

4. **Agtergrond**

Johannes die doper was die een wat die weg voorberei het vir Jesus. Hy het nie sy eie eer gesoek nie, maar het te alle tye die koms van die Koning aangekondig.

### 4. 1 Johannes die doper berei die weg vir Jesus voor (Johannes 1:19- 28)

Ons vind geen beskrywing van Johannes die doper in die Evangelie van Johannes nie, maar Matteus 3, Markus 1 en Lukas 3 gee ons 'n redelike beskrywing van hom. Uit dié geskrifte leer ons dat Johannes die doper 'n man was wat in die veld gebly het. Hy het van sprinkane en wilde heuning geleef. Hy was met kameel-hare en 'n leergordel om sy heupe geklee. Hy was 'n goeie spreker en die skare het gestroom om na hom te luister. Baie het onder die oortuiging van sonde gekom. Jesus het erken dat Johannes Sy voorloper is en dat daar geen mens groter as hy was nie.

In Matteus 4:12-17 sien ons dat Jesus Sy bediening begin deur 'n soortgelyke boodskap as die van Johannes te gebruik, naamlik, "Bekeer julle, want die Koninkryk van die hemel het naby gekom" (Matteus 3:2 en 4:17). Weer eens lees ons in Johannes 5:33-35 hoedat Jesus Johannes die doper prys.

Priesters en Leviete het ook kom luister na Johannes die doper en vrae aan hom gestel. Die priesters en leviete was verteenwoordigers van die Sanhedrin. Hierdie groep van sewentig Joodse ouderlinge het oor die

Joodse volk regeer. Hulle wou weet wie Johannes die doper was, sodat hulle kon oordeel of hy 'n valse of ware profeet was. Hulle het ook vir Johannes gevra of hy die Messias, Elia of 'n profeet was. Johannes het geweet dat hulle graag wou verneem of hy die Christus is. Johannes het hulle ondubbelsinnig geantwoord dat hy nie die Christus is nie. Die gedagte dat hy moontlik Elia kon wees kom uit die Ou Testamentiese profesie in Maleàgi 4:5 (lees die betrokke vers ). Elia was beskou as een van die grootste profete van God. Hy het die profete op die berg van verheerliking verteenwoordig, terwyl Moses die wet voorgestel het. Johannes was die vervulling van Maleàgi se profesie, maar hy was nie Elia self nie.

"Die profeet" waarna in vers 21 verwys is, is moontlik die onbekende profeet waarna Deuteronómium 18:15 en 18 verwys. Johannes het geweet dat dit na die Messias verwys. Johannes ontken dat hy die profeet is waarna Moses in Deuteronomium verwys. Johannes was baie versigtig om enige eer wat vir Jesus bedoel was, vir homself te neem.

Johannes het met water gedoop. Sy doop was 'n simbool van sondebelydenis. Jesus sou later kom om, nie net met water nie, maar ook met die Heilige Gees te doop. Die dood van Jesus gee ook aan die doop 'n simbool van sterwe, begrawe en opstanding.

Vers 27 gee ons weer 'n voorbeeld van Johannes se nederigheid. Hy sê hy is nie waardig om die skoenriem van Jesus los te maak nie. Ons moet daarna streef om so nederig soos Johannes te wees.

### 4.2 Jesus Christus, soos Johannes die doper Hom gesien het (Johannes 1:29-34)

Johannes se beskrywing van Jesus toon die respek wat hy vir Jesus gehad het. "Die Lam van God" is 'n Ou Testamentiese verwysing wat in Jesaja 53:7 voorkom. Filippus verwys ook in Handelinge 8:32-35 na dieselfde begrip as Jesaja om aan te toon dat Jesus die redder is. Hy is die vlekkelose Lam, deur God gestuur om eenmalig versoening te doen vir die sonde van die mensdom (lees ook 1 Petrus 1:19 in diè verband).

Johannes was ongeveer ses maande ouer as Jesus, maar hy het geweet dat Jesus by die Vader was voordat Hy na die aarde toe gekom het. God het hierdie dinge aan Johannes die doper geopenbaar en hy het dit geglo. Toe Jesus deur Johannes gedoop is en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan en die Heilige Gees het sigbaar soos 'n duif op Hom neergedaal. 'n Stem het uit die hemel gekom wat sê: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My" ( Lukas 3:22b ). Lees ook Joël 2:28 en Jesaja 44:3.

Jesus is die Seun van God. Johannes getuig hiervan in Johannes 1:34,





# Die mens wat God geskep het

1. **Skrifgedeelte**
Genesis 1:26-31, 2:7-8, Psalm 100:3

2. **Doelstelling**
Om aan die student te toon dat God die mens na Sy beeld geskape het. Die mens het 'n spesiale plek in die skepping.

3. **Geheuegedeelte**
Genesis 2:7: "Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het."

4. **Agtergrond**
Nadat God die diere geskape het, het Hy gesê: "Kom Ons maak die mens na ons beeld, na ons gelykenis." Die mens is na die beeld van God geskape. Die mens kan dink, liefhê en keuses maak - God ook. Hierdie eienskappe onderskei die mens van die diere. Die mens is geskape om te verstaan, lief te hê en gehoorsaam te wees aan God. God wou in 'n verhouding met die mens staan, soos die van 'n vader en 'n seun. Die mens is uniek. Hy is die kroon van God se skepping. Hy alleen is geskape na God se beeld. Die mens is geskape om te heers oor die aarde. Genesis 2:7 skets die skepping van Adam uit die stof van die aarde.

Het julle al ooit gesien hoe 'n pottebakker iets maak uit die klei waarmee hy werk? Dit is hoe God die mens gemaak het. God het Sy asem in hom ingeblaas en die mens het lewendig geword. God het bedoel dat die mens gelukkig sal wees. God het die mens in die paradys geplaas met bome wat lieflike vrugte gedra het. God het aan Adam en Eva die opdrag gegee om gehoorsaam te wees. Hulle het die keuse gehad om gehoorsaam of ongehoorsaam te wees.

5. **Inleiding**
Vra aan die leerlinge om 'n prent van 'n persoon op 'n papier te teken. Nadat dit gedoen is, wys vir hulle prente van speelgoedpoppe. Vra hulle om die verskil neer te skryf tussen hulle en die poppe. Vra verder dat die leerlinge die ooreenkomste en verskille neerskryf tussen die mens en die skepping (plante en diere).

Vra die leerlinge om Genesis 1:26-31 te lees. Vra : "Wat beteken die

7. **Slot**

Die Here Jesus het met 'n geleentheid aan die Jode gesê: Ek het gekom dat julle lewe mag hê, en dit in oorvloed." Hierdie lewe waarvan Hy gepraat het is nie die lewe wat ons van ons ouers ontvang het nie. Hy moes 'n nuwe lewe bedoel het. Vandag kan Jesus hierdie nuwe lewe aan almal gee wat gewillig is om dit te ontvang.

**Voorstelle vir voorbidding**

* Bid dat jou studente sal sien dat Christus die gewer van die lewe en lig is. Dat God 'n goeie wêreld geskep het, en dat Hy wil hê dat ons Hom daardeur sal verheerlik.
* Bid dat die studente Jesus as die Bron, die Doel en die Eenheid van die skepping sal sien. Dit behoort hulle te lei om Hom as Koning van hulle lewens te aanvaar.
* Bid dat ander die koningskap van God ook in jou lewe sal raaksien.



omdat hy dit persoonlik beleef,ondervind en gesien het.

5. **Inleiding**

Daar heers 'n spannende atmosfeer in die stad. Die massa mense drom met groot verwagting saam. Elke persoon is bewus dat 'n belangrike persoon hulle stad kom besoek. Dae lank is boodskappers deur die hele omgewing gestuur om die groot gebeurtenis aan te kondig. Die mense was voorbereid om die groot en belangrike persoon te ontvang wat hulle stad kom besoek.

Dit is wat Johannes die doper kom doen het. Hy het die koms van Jesus, die Koning, gepropageer sodat die mense voorbereid sou wees vir Sy koms na die aarde toe.

6. **Inhoud**

Vra die studente om 'n lys saam te stel waarin hulle aandui:

* Wie Johannes die doper is.
* Wie was Johannes die doper nie.

Vra die studente om te antwoord. Die antwoorde moet onder andere die volgende insluit:

Hy was die stem wat roep uit die woestyn; een wat doop met water, 'n aankondiger (dat Jesus kom. ). Dit moet ook duidelik gestel word dat Johannes nie Elia of die Messias was nie.

Vra 'n student om Johannes 1:19-28 te lees. Uit die gelese gedeelte behoort die studente bewus gemaak te word dat Johannes geweier het om enige eer wat aan Jesus toekom, vir homself toe te eien. Jesus het Johannes geprys deur na hom te verwys dat geen mens groter is as hy nie, maar Johannes het telkens alle eer aan Jesus gegee. Bespreek hierdie feite met u studente.

Watter soort persoon sou u sê was Johannes ? Bespreek die sienswyse van Johannes die doper met betrekking tot Jesus. Maak 'n lys van die verskeie name of verwysings na Jesus en beskryf hulle. Hoe het Jesus aan die verskeie vereistes van die name voldoen?

7. **Slot**

Bespreek van die lesse wat ons kan leer van Johannes die doper. (byvoorbeeld :nederigheid, sy getuienis, die weg voorberei. ) Johannes die doper is 'n baie goeie voorbeeld vir 'n Christen om na te volg.

**Voorstelle vir persoonlike voorbidding:**

Bid dat jy 'n goeie voorbeeld vir jou studente sal wees.
Bid dat deur jou getuienis studente Jesus sal aanneem en navolg.
Bid vir die studente in jou klas wat nog nie 'n besluit vir Jesus geneem het nie.

Les 3

# Jesus demonstreer sy mag

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 2:1-25

2. **Doelstelling**
Om die studente te leer dat gesag wat tot hulle beskikking is, nie misbruik mag word nie.

3. **Geheuegedeelte**
Johannes 2:19 "Jesus het hulle geantwoord: Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig."

4. **Agtergrond**
Hierdie verse leer ons hoedat Jesus die mag gebruik het wat God aan Hom gegee het. U moet oplet dat Hy dit gebruik het deur ander te help en om God te verheerlik. Hy het dit nooit vir eie gewin gebruik nie.

4.1 **Jesus by die bruilof in Kana (Johannes 2:1-11)**
'n Joodse tradisionele bruilof word telkens in die Skrifte weergegee. Dit was 'n feestelike gebeurtenis. Die fees het ongeveer 'n week geduur waneer die bruidegom en van sy vriende na die huis van die bruid gegaan het om haar na die bruidegom se huis te neem. Die bruidegom se ouers het 'n groot feesmaal voorberei en baie vriende en familielede is oorgenooi.

Soms sal jongmense dink dat Jesus nie Sy moeder gerespekteer het nie deur haar as volg aan te spreek: "......Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie" (Johannes 2:4). Hy was nie oneerbiedig nie; dit was die gebruiklike aanspreek vorm.

Maria het vir die diensknegte gesê dat hulle alles moet doen wat Hy hulle sou vra. Dit wil voorkom asof sy geweet het dat Jesus iets sou doen om te help.

Vers 6 vertel ons dat die kanne water gebruik is vir godsdienstige reinigingsdoeleindes. In Markus 7:3-4 word verwys na "was van die hande" en eetgerei alvorens hulle gaan eet het. Dit was beskou as 'n godsdienstige opdrag (sien ook Lukas 11:37-39 in die verband).

Aangesien daar baie gaste teenwoordig was, is dit verstaanbaar



die aarde om dit te bewoon, te verbou en oor dit te heers. Die aarde moes gebruik word om in Sy beloftes te voorsien. Party mense het verstaan dat hulle nou kon doen wat hulle wil met God se skepping. Hierdie is 'n valse leerstelling. In die hele Bybel leer ons dat die skepping aan God behoort en dat Hy dit onderhou. Die mens is maar net 'n dienaar of bewaarder in diens van die almagtige God.

5. **Inleiding**
Vra aan die leerlinge of hulle dink dat die wêreld goed of sleg is. Laat toe dat 'n paar studente hierdie vraag beantwoord. Hulle moet redes gee waarom hulle meen dat die wêreld goed of sleg is.

Trek die volgende tabel op jou krytbord.

| Behoefte wat ek het | Geskape items wat die behoefte vervul |
|---|---|
| 1. Wanneer ek honger is | |
| 2. Wanneer ek dors is | |
| 3. Wanneer ek alleen is | |
| 4. Wanneer ek koud kry | |
| 5. Wanneer ek moeg is | |

Laat die leerlinge nou die tweede kolom invul. Noem aan hulle dat hierdie alledaagse dinge is wat God vir ons geskep het. God het die wêreld goed geskep.

6. **Inhoud**
Lees Genesis 1:31: "Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was goed." Party van die kinders sal nie saamstem dat die hele wêreld goed is nie. Dit is waar dat daar baie slegte goed is, maar al hierdie slegte dinge was nie in God se plan van die wêreld nie. Alles wat God geskep het was bedoel om tot voordeel van die mens te wees.

Twee belangrike dinge wat God geskep het was die lig en die lewe. Lig het duisternis wat daar op die aarde was verdring. Netso kan die lig van Jesus die chaos van sonde in ons lewe wegneem. As ons aan onsself oorgelaat was sou ons toegegee het aan ons selfsugtige begeertes.

Die Wetenskap beweer dat lewe onstaan het uit nie-lewende materiaal. Maar intussen is dit bewys dat net lewe, lewe kan voortbring. Ons kan nie die oorsprong van die skepping verklaar sonder 'n lewende Skepper nie. Dit is hoekom ons van 'n lewende God praat, want Hy gee aan almal lewe. Jesus, die Seun van God is die Outeur van ons totale lewe. Hy beheer ons hele menswees.

Les 12

# Die wêreld wat God geskep het

1. **Skrifgedeelte**
Genesis1:3-24 en Kolossense 1:1-15

2. **Doelstelling**
Om aan die student te toon dat God 'n goeie wêreld geskape het en dat Hy wil hê dat ons Hom moet verheerlik.

3. **Geheuegedeelte**
Kolossense 1:16: "God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie."

4. **Agtergrond**
In Genesis 1:3-24 word die skepping van die heelal beskryf. Die skrywer beskryf hier hoe God in ses dae alles geskape het. In Genesis 1:2 lees ons die aarde was sonder vorm, in duisternis gehul en verlate. God het begin deur eerste lig te laat skyn en Hy maak toe dat daar orde in die uitspansel kom. Dit het God in die eerste drie dae gedoen. In die volgende drie dae maak God lewende wesens oral oor die hele aarde. God het al hierdie dinge uit niks geskep. Hy het net gespreek: "Laat daar lig wees", (vers 3) en daar was lig. Op dieselfde wyse het Hy die land en see verdeel en alle plante, diere, voëls en visse op die land en in die water gevorm. Hy het die maan, sterre en son gemaak en dit in die uitspansel geplaas. God het die wonderlike wêreld uit niks geskape, net deur die krag van 'n woord uit te spreek, kon Hy sekerlik enige iets doen. Dit is juis daarom dat ons sê **God is almagtig.**

In Kolossense 1:15-19 kry ons meer inligting omtrent die skepping van die uitspansel veral ten opsigte van Jesus Christus. Jesus is die bron, oorsprong, doel en eenheid van die skepping.

* Hy is die bron van die skepping self - alle dinge is geskape deur Jesus Christus (Kolossense 1:16).
* Hy is die doel van die skepping - alle dinge was vir Hom geskape (Kolossense 1:16).
* Hy is die eenheid van die skepping - in Hom is alle dinge verbind (Kolossense 1:17). In dieselfde manier, is Hy die hoof van die nuwe skepping, die Kerk (Kolossense 1:18).

Ons het alreeds in 'n vorige les geleer dat God die mens mag gegee het oor



dat daar ses groot kanne was. Elkeen het ongeveer 100 tot 110 liter water gehou.

Die wonderwerk om water in wyn te verander is onopsigtelik gedoen. Net die dissipels,die diensknegte en Jesus se moeder het daarvan geweet. Op geen stadium het Jesus enigsins probeer om die aandag op Hom gevestig te kry nie. Vers 11 toon aan dat Jesus hierdie wonderwerk nie gedoen het om die gasheer uit 'n verleentheid te help nie. Hy wou aan Sy dissipels Sy glorie toon en hulle so verseker dat Hy wel die komende Messias is.

2. **Jesus reinig die tempel (Johannes 2:13-25)**
Die gebeure in verse 14-16 het in die buitenste voorhof plaasgevind. Daar was drie vlakke van die tempel:

a) Die buitenste voorhof of voorhof van die heidene - Die deel is deur Salomo aangebou sodat die heidene wat na die Joodse geloof bekeer is, die deel van die tempel kon binnekom.
b) Die heilige voorhof waar die meubels gehuisves was wat in die diens gebruik is.
c) Die allerheiligste plek waar die Ark gestaan het. Net die hoë priester kon eenkeer per jaar,op die dag van Versoening hier ingaan.

Die gewoonte om skape,beeste en duiwe te verkoop was as noodsaaklik beskou sodat elke familie 'n offerdier daar kon koop om aan die Here te offer. Lees Deuteronomium 16:16. Baie mense het van ver gekom en hul diere daar gekoop. Die handelaars het dit vir eie gewin uitgebyt. Dit was ook waar van die geld wissellaars.

Jesus kon nie die besigheidssituasie by die tempel verduur nie. Sy Vader se huis was 'n huis van gebed. Hiedie steurnis wat Jesus by die tempel veroorsaak het, het die Joodse owerhede dadelik laat wonder onder wie se gesag dit gedoen was. Hulle moes hulself vergewis het van die profesie soos dit voorgekom het in Maleagi 3:1-3.

5. **Inleiding**
'n Jong briljante seun in die hoërskool word as klasprefek gekies. Hy was baie trots op die eer wat hom te beurt geval het en het by sy maats gespog oor die mag wat hy nou beskik. Eendag het 'n medestudent hom genader en 'n som geld aangebied om 'n valse verklaring te maak. Hy gryp toe die geleentheid aan as 'n wyse om bykomende geld te maak. Dink jy hy het geweet hoe om sy gesag reg te gebruik ?

6. **Inhoud**
Verdeel die klas in twee groepe. Laat een groep Matteus 22:1-14 en die ander Matteus 25:1-13, lees. Vra dan die groepe om te vertel hoedat 'n huweliksfees in daardie dae gereël was. Vra hulle om dan 'n vergelyking te tref met ons huidige gebruik. Vra elke groep om te sê wat hulle hierdeur geleer het. Bespreek die wonderwerk van Jesus.

'n Tyd gelede het Jesus hom in die woestyn bevind waar Hy homself vir veertig dae en veertig nagte afgesonder het. Hy was sekerlik baie honger. Jy sal jou ook herinner dat Hy by geleentheid geweier het om die klippe in brood te verander. Nou hoekom sou Hy nou water in wyn verander as Hy nie klippe in brood wou verander het nie?

Laat die studente die aspek bespreek. Maak seker dat hulle verstaan dat die brood vir Sy eie gewin sou wees. Jesus het nooit Sy mag vir Sy eie gewin gebruik nie. Die wyn was vir gebruik deur die bruilofgaste. Jesus is altyd bereid om iemand te help wat in nood is.

Hoekom het Jesus die handelaars en geldwissellaars by die tempel uitgedryf? Laat een van die studente Johannes 2:14-16 voorlees om die vraag te beantwoord. Het Jesus gesondig toe Hy kwaad geword het vir die mense wat handel gedryf het? Aanvanklik was Hy kwaad, maar Hy was kwaad oor die handeldryf in die tempel en nie vir die mense nie. Hy was ontevrede oor hul optrede by die tempel deurdat hulle handelwyse nie tot eer en respek van God was nie. Ons weet God haat sonde (Openbaring 2:6; Lukas 16:15 en Romeine 5:8), maar Hy het die persoon lief wat sondig.

7. **Slot**
Waarom het Jesus die wonderwerk by die bruilof gedoen? Benadruk die feit dat Jesus nie Sy mag vir eie gewin gebruik het nie.

Deel koerante aan die studente uit wat jy oor 'n tydperk bymekaar gemaak het. Vra hulle om die verskeie berigte na te gaan en die uit te lig waar persone hul gesag misbruik het. Is daar enige berigte waar persone hul gesag ten goede gebruik het? Gee die studente 'n paar minute om die berigte na te gaan.

Sluit af met gebed waarin jy bid dat God elkeen van jou studente mag help om hul toegekende gesag reg te gebruik. Vra die studente om na aanleiding van die les hulself te verbind om God se wil in hulle lewens te soek.

**Voorstelle vir persoonlike voorbidding:**

1. Bid dat jy instaat gestel mag word om jou studente te lei om hulself te verbind om hul gesag met wysheid te gebruik.



God aanbid het. Eerstens het hulle Hom as hul Skepper, die maker van die hemel, aarde, see en alles wat daarin is, erken. Tweedens erken hulle Hom as hul groot Beskermer en Behouer van die hele skepping. Derdens erken hulle dat God hul aanbidding en verheerliking verdien.

5. **Inleiding**
Vra aan die leerlinge of hulle al die opgewondenheid gevoel het as hulle in 'n doel geslaag het. Dink aan iets wat jy gedoen of reggekry het. Nadat jy in jou doel geslaag het, het dit goed gevoel. Dink aan die heelal en vergelyk dit dan met die aarde. Dit is soos 'n druppel water in 'n emmer. Hou 'n korreltjie sand in jou hand. Gee aan 'n student 'n klein klippie en laat die leerling aan die ander kant van die klas staan. Verduidelik dat die korrel sand die aarde verteenwoordig en die klip die son. Die afstand tussen die aarde en die son is 148 800 000 km. Vra : "Wat dink jy van die Een wat die heelal geskape het? Wat is die verskil tussen die mens en ander skepsels? Hoekom moet ons God dank vir die heelal?

6. **Inhoud**
Die rede hoekom God die heelal geskape het, is nie baie duidelik vir ons nie. God is perfek en volmaak.

Hy het niemand nodig nie. Hoekom het Hy dan die heelal geskape? Party mense vergelyk God met 'n kunstenaar. Die kunstenaar verf en teken prente. Hy vind groot vreugde daarin om kreatief te wees. Dit is in sy karakter. Die Bybel leer ons dat God goed en liefde is. Die skepping openbaar die liefde en genade van God.

7. **Slot**
Ons geloof in die skepping is gebaseer op wat ons weet oor God en nie wat ons weet oor die wetenskap of enige ander mensekennis nie. Ons is verantwoordelik teenoor God vir die wyse waarop ons leef in die wêreld. Ons is God se verteenwoordiger en ons moet die aarde ontwikkel en nie vernietig nie.

God verdien ons aanbidding, danksegging en lofprysing. Ons lewens behoort aan Hom. Ons moet die Here dank vir Sy genade en liefde. God het ons geskape en vir ons die aarde gegee om te geniet. Vra : "Op watter praktiese wyses kan ons die aarde geniet sonder om dit te vernietig?" Bespreek die antwoorde.

Les 11

# Die God van die Skepping

1. **Skrifgedeelte**
   Genesis 1 : 1-2 en 2 : 4-6

2. **Doelstelling**
   Om aan die student te toon dat die skepping God se liefde en genade weerspieël.

3. **Geheuegedeelte**
   Psalm 24:1: "Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here."

4. **Agtergrond**
   Die Bybelverhaal aangaande die skepping openbaar aan ons drie belangrike waarhede in verband met God:

   4.1 Hy is die groot Skepper.

   Die Bybel se leerstelling is duidelik dat die heelal en alle materie 'n begin gehad het. Dit het ontstaan deur die suiwer wil van die ewige God (Genesis 1:1-2). In die begin was die heelal in absolute chaos en verwarring. God het orde in hierdie chaos gebring.

   4.2 God word in Sy skeppingswerk openbaar.
   Dit is waarom die mensdom van God se bestaan bewus is. Die Bybel probeer nooit God se bestaan bewys nie. Dit behoort verstaanbaar te wees aan almal. 'n Skepping kan nie ontstaan sonder 'n skepper wat dit tot stand gebring het nie. Die grootheid, orde en asemrowendheid van die heelal, is bewys van die krag, wysheid en skoonheid van God. Die skepping van die mens bewys God se liefde en genade.

   4.3 Die mens is uniek in God se skepping.
   Die mens alleen is geskape na die beeld van God. Alle ander dinge is geskape tot die mens se voordeel. Aan die mens is mag gegee om oor die aarde te heers en dit te ontwikkel. Die mens het niks gedoen om al hierdie voorsienigheid en ryke erfenis te ontvang nie.

   Die mens het God nodig. Nehemia 9:6 verduidelik hoe die mense



2. Bid dat jou studente die regte eerbied sal hê vir die kerk en dit ook met die nodige respek sal gebruik.

3. Bid vir jou klas en vir enige nood onder die studente wat aan jou bekend is.

Les 4

# Jesus leer oor wedergeboorte

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 3:1-18; 7:50-51en 19:39

2. Doelstelling
Om die studente te leer hoe om wedergeboorte deelagtig te word.

3. Geheuevers
Johannes 3:3 "Daarop sê Jesus vir hom: Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien."

4. **Agtergrond**
Nikodemus word slegs in die Evangelie van Johannes genoem.

4.1 **Die man wat na Jesus gekom het (Johannes 3:1-2 en 10)**

Uit hierdie verse kry ons die volgende feite oor Nikodemus:

a) Hy was 'n Fariseër. Die Fariseërs was 'n groep manne wat die ou tradisies en gebruike van die Jode gehandhaaf het. Dit het die Wet van Moses, asook ander wette wat deur hulleself daargestel is, ingesluit. Hulle was streng in die toepassing van die wet en baie kras in die uitdeling van straf vir oortreding daarvan. Hulle het die Wet en die profete goed geken, maar hulle het nie die Messias herken toe Hy gekom het nie.

b) Hy was 'n lid van die Joodse Raad of beter bekend as die Sanhedrin (lees Johannes 7:50-51). Die Sanhedrin het uit sewentig skrifgeleerdes, ouderlinge en priesters bestaan. Dit was die hoogste hof van die Joodse reg. Hulle was baie gekant teen Jesus. Tog het Nikodemus later vir Jesus ingetree (Johannes 7:51).

c) Hy was 'n bekende leermeester van Israel (vers 10). Jesus het Nikodemus op sy ampstitel aangespreek. Dit toon aan dat hy 'n skrifgeleerde was wat 'n groot kenner van die wet was. Hulle was die bes opgevoede mense in Israel en hulle vertolking van die wet was bo verdenking.



wees. Gedurende hierdie tyd het Hy dikwels aan sy volgelinge verskyn.

5. **Inleiding**
Een dag het 'n jong man 'n boodskap ontvang dat sy pa dood was. Hy het verlof by die skool geneem en is met die eerste bus huis toe. Hy moes 'n hele paar kilometers loop voordat hy die dorpie bereik het. Daar was baie familie teenwoordig, en hy het geweet dat sy pa alreeds begrawe moes gewees het. Toe hy egter die huis binne gaan, kry hy sy pa lewendig. Die persoon wat die boodskap gestuur het, het gedink sy pa was besig om te sterf. Die jong man was uit sy vel van blydskap toe hy hoor dat sy pa begin herstel het van 'n ernstige siekte. Moontlik was dit só 'n blydskap wat die dissipels gehad het toe hulle gehoor het dat Jesus opgestaan het.

6. **Inhoud**
Bespreek die optrede van Maria en die ander toe hulle na die graf gegaan het. Sluit die inligting oor Maria uit jou boek in.

Laat die leerlinge die vraag, "Hoekom was die dissipels verward?" bespreek. Lees verse 3-8.

Bespreek die betekenis van die woord "Skrif" in vers 9. Laat iemand Psalm 16:10 lees.

Sê: "Die dissipels was baie hartseer. Hoekom het Petrus en Johannes nie die goeie nuus dat Jesus nie in die graf was nie, gedeel nie? Kyk na vers 10. Hoekom het hulle bloot huis toe gegaan?" (Op daardie oomblik het hulle nie onthou Jesus het gesê dat Hy uit die graf sal opstaan nie en omdat Hy leef sal ons ook lewe as ons Hom aanvaar.)

Laat die leerlinge bespreek wat Jesus vir sy dissipels gesê het aangaande sy opstanding.

7. **Slot**
Som 1 Korintiërs 15:3-28 op en bespreek die belangrikheid van die opstanding vir ons vandag. Maak seker die leerlinge verstaan dat hulle ook lewe na die dood kan hê deur in Jesus te glo en Hom te aanvaar. Sluit met gebed.

4.2 **Die verwarde dissipels (Johannes 20:3-8)**

Hier verwys Johannes weer na "die ander dissipel" of "die een vir wie Jesus liefgehad het" in plaas daarvan om sy naam te gebruik. Om nie sy naam te noem nie was deel van sy beskeie manier van skryf. Hy gee die persoonlike weergawe van hoe hy en Petrus na die graf gehardloop het nadat hulle gehoor het dat Jesus se liggaam nie daar was nie. Johannes het onder Petrus uitgehardloop, moontlik omdat hy jonger was, maar hy het nie in die graf ingegaan nie. Hy het net ingekyk. Petrus het die graf ingegaan om self te kan sien. Hy het die grafklere gesien lê waar die liggaam was. Dit was nie getuienis van 'n gesteelde liggaam nie. Wat Johannes gesien het, het hom laat glo. Hy het geglo dat Jesus opgestaan het uit die graf, nie dat sy liggaam gesteel was nie. Hy het alreeds geglo dat Jesus die Seun van God was, die beloofde Messias. Toe hy die leë graf gesien het, het hy in die opgestane Here geglo.

4.3 **Die Skrif verduidelik alles (Johannes 20:8-10)**

Hoewel Johannes geglo het dat Jesus opgestaan het, was dit eers later, toe hy saam met die ander dissipels was dat hy onthou het en hierdie dinge met die Ou Testamentiese profesieë in verband gebring het. Die mees aangehaalde verwysing wat Petrus in sy preek met Pinkster gebruik het, was oor die opstanding van Jesus (Hand 2:24). Hierdie verwysing kom uit Psalm 16:10. Johannes verwys na die "Skrif" in vers 9. Hy het dus nie terug verwys na die woorde en beloftes wat Jesus gedurende sy bediening aangaande die opstanding gegee het nie. Lees weer Johannes 2:22. Hier verwys Johannes na beide die profesie van die Skrif en die profetiese woorde deur Jesus geuiter.

In vers 10 sê Johannes dat hy en Petrus bloot terug gegaan het na hulle huise. Hulle het blykbaar geen woorde van hoop tot die ander dissipels gerig nie. Hulle het net gewag. Hulle was verward en het nog nie aan die profesieë van die Ou Testament gedink nie. Hulle was hartseer en het nie geweet wat om te doen nie.

4.4 **Hartseer verander in vreugde (Johannes 20:18,20)**

Jesus het eers aan Maria Magdelena verskyn en daarna aan die dissipels. Hulle hartseer het in vreugde en vernude geloof verander. Toe hulle die opgestane Here ontmoet, was hulle geloof herstel. Johannes gee ook die ondervinding van die dissipels in Galilea en die intieme gesprek tussen Jesus en Petrus weer (Johannes 21:15-17). Die Here het vir veertig dae op aarde verskyn voordat Hy opgevaar het hemel toe om met die Vader te



Die rede waarom Nikodemus in die nag na Jesus toe gekom het, was omdat hy bang was vir die Joodse Raad. Hy het van die wonderwerke van Jesus gehoor en selfs daarvan gesien. Hy wou meer omtrent Jesus hoor alvorens hy Jesus veroordeel, soos die ander lede alreeds gedoen het. Nikodemus het meer as net 'n blote professionele belangstelling in Jesus gehad. Hy het meer nodig gehad as net die lewe. Die wet wat hy onderhou en geleer het, het 'n leemte in sy lewe gelaat. Moontlik het die wet tog daartoe bygedra dat hy by Jesus sou uitkom (sien Galasiërs 3:10-24 in diè verband).

Dit wil voorkom asof Nikodemus 'n suksesvolle persoon was. Hy het die hoogste sport in sy opvoeding bereik. Hy was voorspoedig en deur al sy Joodse medemense geëer. Hy het alles besit wat volgens die mense nodig was om suksesvol te wees. Nieteenstaande al hierdie voorregte, het Nikodemus nogtans in die nag na Jesus gekom om nog meer te leer.

Wat die Jode betref, was Jesus nie 'n opgeleide onderwyser nie. Vir hulle was Hy die seun van 'n skrynwerker uit Nasaret. Nie te min, Nikodemus noem Hom "Rabbi", wat leermeester beteken. Hy herken ook dat Jesus deur God gestuur is. Hy het waarskynlik nie Jesus as die Messias herken nie, maar het geweet dat die wonderwerke wat Hy doen, van God kom (vers 2).

Nikodemus was soekende. Dit is die enigste manier om na Jesus toe te kom. Die Heilige Gees plaas die begeerte in ons harte. Ons moet luister en die Woord van die lewe soek.

4.2 **Die boodskap van Wedergeboorte (Johannes 3:3-18)**

Die uitdrukking "opnuut gebore word" was deur Jesus gebruik om Saligheid te beskrywe. Die skrywers van die Nuwe Testament het die benaming meermale gebruik (sien ook Johannes 1:13; Jakobus 1:18; 1 Petrus 1:23; 2 Korintiërs 5:17).

Jesus ken die hart van die mens. Hy het geweet wat die werklike vraag was wat Nikodemus wou vra: "Hoe kan ek die ewige lewe beërwe?" Jesus het hom 'n reguit antwoord gegee. Lees dit in vers drie. Nikodemus se antwoord toon aan dat hy slegs aan aardse, natuurlike dinge gedink het. Vir hom het dit na onsin geklink dat 'n persoon vir 'n tweede keer gebore moes word. Om Nikodemus te help om die geestelike waarhede te verstaan, het Jesus hom 'n paar vergelykings tussen die natuurlike en geestelike gegee (verse 5-8).

4.3 Wat gebeur met Nikodemus? (Johannes 7:50; 19:39)

Die Bybel vertel ons nie of Nikodemus die Here dadelik vertrou het of nie, maar dit gee wel getuienis dat hy Hom op een of ander tyd moes aangeneem het. In Johannes 7:50 lees ons dat Nikodemus in die guns van Jesus gespreek het. Selfs sy optrede, soos vervat in Johannes 19:39, spreek van sy durf. Dit wys na 'n persoon met 'n sterk geloof, sonder om enigsins bang te wees vir die Joodse Raad.

5. **Inleiding**
Vra jou studente wat sommige van hul doelwitte in die lewe is? Wat dink jy is nodig om suksesvol te wees?

Johan was 'n baie gelukkige jongman. Hy het sy hoërskooleksamen met onderskeiding geslaag. Hy het spoedig 'n goeie werk gekry en het elke maand 'n groot salaris verdien. Hy het baie mooi dinge vir hom gekoop. Later het hy 'n aantreklike meisie ontmoet en is getroud. As gevolg van sy vaardighede is hy bevorder en het hy nog meer geld huistoe gebring. Toe begin Johan ontevrede raak. Hy het feitlik alles gehad wat 'n persoon gelukkig kon maak, maar hy was nie gelukkig nie.Hy het toe begin drink en lang ure in die kroeg deurgebring. Ondanks dit alles, was hy nog steeds ongelukkig. Hy het 'n goeie opvoeding gehad, gepresteer op skool, 'n baie goeie posisie in sy werk beklee met baie geld. Wat meer kon 'n mens begeer?

Net soos in Johan se lewe, het Nikodemus ook 'n groot leemte in sy lewe gehad.

6. **Inhoud**
Laat een van die studente Johannes 3:1-2 en 10 aan die klas voorlees. Vra aan die klas: Wat dui daarop dat Nikodemus 'n suksesvolle persoon was?" Maak seker dat hulle die dinge, soos in jou agtergrondstudie gelys, noem. Verduidelik wat dit beteken om 'n Fariseër te wees - 'n heerser oor die Jode en 'n leermeester van Israel. Vra waarom Nikodemus meer wou weet omtrent Jesus? Verwys weer na die aantekeninge in u agtergrondstudie.

Kies twee studente om die gesprek tussen Jesus en Nikodemus voor te lees. Een lees die woorde wat Jesus gespreek het en die ander wat Nikodemus gespreek het. Bespreek die wyse waarop Jesus die fisiese dinge wat Nikodemus geweet het, vergelyk het met die geestelike waarhede wat hy nie geweet het nie.

Met verse 16-18 as basis bespreek die volgende:





# Jesus lewe

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 20:1-10

2. **Doelstelling**
Die doel van hierdie les is om leerlinge hoop te gee omdat die Here die dood oorwin het.

3. **Geheuegedeelte**
1 Korintiërs 15:20: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het."

4. **Agtergrond (Johannes 20 & 21)**
In hierdie les word die verandering van 'n tyd van verwarring, vrees en hartseer na die versekering van hoop en oorwinning, duidelik.

4.1 **Die leë graf (Johannes 20:1-2)**

Die ander evangelieskrywers sluit Maria in by 'n groep vroue wat vroeg op die eerste dag van die week na Jesus se graf gegaan het. Dit was Sondag, die dag na die sabbat. Matteus, Markus en Lukas vertel dat 'n engel of engele aan die vroue verskyn het en hulle vertel het dat Jesus opgestaan het. Johannes noem nie hierdie feit nie, maar wel dat Maria gegaan het om vir Petrus en die ander dissipel, naamlik Johannes, te vertel van die verdwyning van Jesus se liggaam uit die graf. Later sê Johannes dat Jesus aan Maria verskyn het en sy dit aan die dissipels gaan vertel het (vers 11-18).

Maria was van die dorpie, Magdala by die see van Galilea. Sommige glo sy was die prostituut wat Jesus gesalf het in Simon, die Fariseër, se huis. Daar is geen Skrif wat dit ondersteun nie, maar sy moes 'n belangrike vrou gewees het want al die evangelieskrywers skryf van haar. Sy kon 'n leier van die vroulike volgelinge gewees het soos Petrus die leier was van die mans. Volgens Johannes het Maria na hom en Petrus gekom. Hulle was waarskynlik saam met die ander dissipels waar hulle in Jerusalem weggekruip het uit vrees vir die Jode. Die leë graf het vir Maria en die ander dissipels beteken dat Jesus se liggaam verwyder was en nie dat Hy opgestaan het nie.

Hy laat ons voel dat ons ook daar was. In 'n sin was ons daar. Dit was as gevolg van ons sondes dat Jesus gekruisig is.

6. **Inhoud**
Gee 'n kort opsomming van die verhoor en kruisiging van Jesus. Laat iemand Johannes 19:28-30 lees. Skryf die twee uitdrukkings van Jesus wat in hierdie verse voorkom op die swartbord. Verduidelik dat dit profesie vervul. Laat iemand Psalm 69:21 lees en verduidelik die betekenis van Jesus se woorde, "Dit is volbring" uit die agtergrond.

Bespreek die optrede van die Jode en die Romeinse soldate (Johannes 19:31-34). Vergelyk Johannes se woorde in vers 35 met Johannes 20:31; 21:24). Maak seker die leerlinge verstaan hoekom Johannes hierdie ondervinding so sorgvuldig beskryf.

Bespreek Jesus as die vervulling van profesie, veral die Paaslam. Raadpleeg Eksodus 12 oor die Pasga of Paasfees.

Verdeel die klas in vier groepe. Wys aan elke groep die verse oor Josef van Arimatea in een van die evangelies toe (Matteus 27:57-60; Markus 15:42-46; Lukas 23:50-54 en Johannes 19:38-42). Laat elke groep deel wat hulle omtrent Josef kan leer vanuit die verse wat hulle gelees het. Hersien ook die materiaal oor Nikodemus in Johannes 3. Help die leerlinge om te verstaan wat dit beteken het om met Jesus geassosieer te word in daardie tyd. Sê: "Beide hierdie mans was lede van die Sanhedrin en meeste van hulle vriende het gestem dat Jesus moes sterf. Dit was baie dapper van hulle om met Jesus te identifiseer. Maar daar was belonings ook." Laat iemand Romeine 10:9 lees.

7. **Slot**
Vertel die volgende storie: "Daar was 'n klein seuntjie wat nie goed versorg was deur sy ouers nie. Die ander kinders in die skool was baie groter as hy. Hulle het kos van die huis afgebring om gedurende pouse te eet. Eendag was die klein seuntjie baie honger en het 'n ander seun se brood gesteel. Die onderwyser het hom uitgevang en wou hom met die rottang slaan omdat hy gesteel het. Net toe die onderwyser die seun wou slaan, het een van die groter seuns die klaskamer binne gegaan. Hy het gesê: 'Ek weet nie wat hierdie seuntjie gedoen het nie, maar laat my toe om sy straf te neem.' Die onderwyser het ingestem en die groter seun was met die rottang geslaan in die plek van die kleiner seuntjie. Die groter seun het niks gedoen om die straf te verdien nie, maar het dit geneem om die kleiner seuntjie die straf te spaar. So het Jesus ons straf aan die kruis geneem, hoewel Hy niks verkeerd gedoen het nie. Ons moet aanvaar wat Hy vir ons gedoen het en ons liefde vir Hom wys.



(a) Waarom het God Jesus na die aarde toe gestuur. (Omdat Hy die wêreld lief gehad het).
(b) Die doel van Jesus se koms na die aarde (Om die mens te red).
(c) Hoe om die ewige lewe te beërwe (Geloof **in** Jesus).
(d) Die betekenis van "glo" (om te vertrou of te aanvaar).
(e) Wat veroordeel 'n persoon? (ongeloof).

7. **Slot**
Sluit af met jou persoonlike getuienis of vra een van jou studente wat gered is, om sy getuienis te gee. Vertel hoe jy gered is. Sluit af met 'n gebed, spesifiek gerig op studente wat ongered is.

**Voorstelle vir persoonlike voorbidding:**

1. Bid vir die vermoë om wedergeboorte te beskryf, sodat elke student dit sal verstaan.

2. Bid dat die Heilige Gees in die harte van die ongeredde studente sal werk.

## Les 5

# Die Gesag van Jesus

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 5:1-47

2. **Doelstelling**
Om aan die studente te toon dat Jesus oor Goddelike gesag beskik.

3. **Geheuevers**
Johannes 5:17 "Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook."

4. **Agtergrond**
Alhoewel die les uit verse 17-29 kom, is dit nodig om die hele hoofstuk van Johannes een te bestudeer.

4.1 **Jesus genees die kreupel man (Johannes 5:1-16)**

Daar was baie gestremdes, blindes, kreupel en verlamde mense by die bad van Betesda in Jerusalem . Hierdie mense het geglo dat wanneer die water in die bad in beweging kom, die eerste een wat daarin sou kom, van sy kwaal genees sou word. Om dié rede het baie siekes om die bad vergader met die hoop om gesond te word.

Die man wat Jesus genees het, was vir meer as 38 jaar kreupel en het geen familie of vriende gehad wat hom in die bad kon help nie. Johannes toon in vers 10 aan dat die genesing op die Sabbatdag plaasgevind het. Die Jode het gevoel dat dit 'n sonde was om op 'n Sabbatdag te genees. (Jesus het sewe persone op 'n Sabbatdag genees. Lees Markus 1:21-27, 29-31; 3:1-6; Lukas 13:10-17; 14:1-6 en Johannes 9:1-14 in die verband.)

Lees Johannes 5:9-16. Die Jode het hierna Jesus begin vervolg. Hulle wou nie glo dat Hy die Messias was nie - Hy het dan die wet gebreek wat hulle so gewyd en heilig beskou het.

4.2 **Jesus verdedig Homself (Johannes 5:17-18)**

Jesus het op geen stadium dié aantuigings teen Hom ontken nie. Hy het Sy optrede erken deur die stelling te maak dat die Vader



(Deuteronomium 21:23). Hulle eintlike bekommernis was egter dat die lyke voor die sabbat van die Paasfees, wat 'n baie spesiale dag was, afgehaal moes word. Die Romeinse gebruik was om die gekruisigdes vir 'n paar dae aan die kruis te los. Gekruisigdes se bene is gebreek om hulle dood te bespoedig. Die soldate het die twee mans wat saam met Jesus gekruisig was, se bene gebreek, maar het gesien dat Jesus reeds dood was en het nie sy bene gebreek nie. Hulle het sy sy deurboor om dubbel seker te maak Hy is dood. Dit was alles 'n vervulling van Ou Testamentiese profesieë (Eksodus 12:46; Numeri 9;12; Psalm 34:20). Jesus was die Paaslam wat geslag is. Sy dood het lewe gebring vir dié wat glo, net soos die bloed aan die deurkosyne die Israeliete gered het in die tyd van Moses (Hebreërs 9:11-14; sien ook Sagaria 12:10).

4.3 **Jesus se begrafnis (Johannes 19:38-42)**

Al die evangelieskrywers verwys na Josef van Arimatea. Johannes noem hom 'n geheime dissipel van Jesus. Arimatea was slegs 'n paar kilometer van Jerusalem af. Volgens Lukas 23:50-51 en Markus 15:43 was Josef 'n lid van die Sanhedrin, die regerende liggaam van die Jode wat besluit het Jesus moes doodgemaak word, hoewel hy nie dié besluit goedgekeur het nie.

Josef was 'n ryk man. Slegs die rykes kon 'n nuwe graf bekostig. Die Romeinse goewerneur, Pilatus, het hom waarskynlik geken, want hy was sonder huiwering toegelaat om die liggaam van Jesus te neem om te begrawe.

Slegs Johannes voeg by dat Nikodemus vir Josef gehelp het. Hy was ook 'n lid van die Sanhedrin. Hierdie twee mans het vriende geword omdat beide geglo het dat Jesus die Messias was. Hulle het hul openlik geïdentifiseer as dissipels van Jesus deur sy liggaam te begrawe. Gewoonlik is gekruisigdes in 'n "pottebakker se veld" vir die armes begrawe of op die brandende vullishoop buite die stad gegooi. Hierdie mans het Jesus se liggaam volgens Joodse gebruike geneem en met olie behandel en in doeke toegedraai. Hulle het Hom in 'n nuwe graf (wat aan Josef behoort het) naby die plek waar Hy gekruisig is, gelê. Hierdie daad van toewyding en moed was anders as die optrede van die elf wat van Jesus weggehardloop het as gevolg van hulle vrees.

5. **Inleiding**
Johannes was 'n ooggetuie van die kruisiging van Jesus. Hy het ons Here gekruisig gesien en in sy evangelie getuig hoe Jesus gely het. Johannes vertel ons van die verskillende mense wat daar was en wat hulle gesê het.

Les 9

# Jesus word gekruisig

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 19:28-42

2. **Doelstelling**
Die doel van hierdie les is om die leerlinge te leer dat Jesus aan die kruis gesterf het vir elkeen van ons.

3. **Geheuegedeelte**
Johannes 19:30: "Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: 'Dit is volbring!' Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas."

4. **Agtergrond (Johannes 18:28-40; 1:1-42)**
Die volle weergawe van Jesus se verhoor en kruisiging word weergegee in Johannes 18 en 19. Hierdie hoofstuk beklemtoon die laaste verse van Johannes se weergawe.

4.1 **Die dood van Jesus (Johannes 19:28-30)**

Jesus het vir omtrent 6 ure aan die kruis gely (Markus 15:25,34). Volgens Matteus het Jesus vroeër 'n mengsel van wyn en gal wat gebruik was om die pyn van die kruisiging te stil, geweier (Matteus 27:34). Jesus het die asyn (wat nie vir pyn was nie) geneem wat die soldate vir hom gegee het. Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus sy "gees gegee het" (vers 30 - Ou Vertaling). Lees weer wat Jesus gesê het in Johannes 10:18.

Nou was sy lewe, sy sending, die mens se verlossing en Jesus se lyding alles verby. Hy het dit alles verwag; nou was alles volbring. Die opstanding moes nog kom, maar die lyding was voltooi. Dit was 'n oorwinningskreet. Die prys vir die mens se verlossing was betaal.

4.2 **Die profesie is vervul (Johannes 19:31-37)**

Die Joodse leiers het die kruisiging van Jesus beheer. Hulle was nou bang dat hulle reëls omtrent die sabbat geskend kon word indien die drie mans aan die kruis bly hang het. Volgens die wet van Moses mag lyke nie oornag aan die kruis bly hang het nie



werk. Hy en die Vader is Een en daarom werk Hy ook. Die Jode erken dat God die Vader die een is wat die heelal beheer en in stand hou. God is nie beperk tot tyd nie. By God is dit altyd "nou." Daarom is 'n persoon se lewe van meer belang as die streng navolging van die wet.

In Johannes 5:18 sien ons waarom die Jode des te meer probeer het om Jesus dood te maak. Hy het nie net die Sabbat ontheilig nie, maar God ook Sy eie Vader genoem en Hom so met God gelyk gestel. Hierdie aantuigings teen Hom het toegeneem totdat hulle Jesus gekruisig het.

4.3 **Jesus en die Vader is Een (Johannes 5:19-29)**

Jesus toon Sy noue verbintenis met die Vader aan in hierdie verse. Die gesag van Jesus kom van die Vader (Johannes 5:30; 8:28 en 14:10). Alles wat Jesus gedoen het, het Hy volgens die wil van die Vader gedoen. Jesus was die algehele openbaring van die Vader.

Daar is 'n groot liefdesband tussen die Vader en die Seun. Jesus het selfs aangetoon dat Hy soos die Vader is deurdat Hy die gewer van lewe is. Net soos God alleen lewe kan skep, net so skenk Jesus die ewige lewe. Die Vader gee aan Sy Seun die verantwoordelikheid van die oordeel. As gevolg van Sy sondelose lewe op aarde, is Hy toegerus om as Regter op te tree.

Die Jode eer God, daarom maak Jesus ook aanspraak dat Hy geëer moet word (vers 23). Jesus is God (Lukas 10:16; 1 Johannes 2:23). Die Jode word ook deur Jesus gewaarsku dat as hulle Hom nie eer nie, hulle God tot skande maak. Daar is net een manier om die ewige lewe te beërwe. Ons moet in Jesus glo (sien vers 24). Jesus gee aan Sy hoorders 'n ope uitnodiging om na Hom te luister en Hom aan te neem. In vers 25 verwys Jesus na die Jode wat na Hom geluister het as die wat "dood" was. Om te hoor en te glo in die Seun bring lewe. Dit is die oorgaan vanuit die dood na die lewe.

In vers 27 word aangetoon hoekom Jesus die mens sal oordeel - omdat Hy die Seun van die mens is. Hy het op die aarde geleef en ken ons lewe hier op aarde. Hy kan Homself met ons vereenselwig.

5. **Inleiding**
Vir baie jare is die gesag van Jesus deur die mens bevraagteken. Baie het nie gewilliglik geglo dat Hy is wie Hy gesê het Hy is nie. Sommige het

beweer dat Hy slegs 'n goeie man, 'n leermeester of 'n profeet was.Ander weer het gesê Hy is 'n geestelike wese - 'n god, maar hulle het ontken dat Hy ook mens was. Soos wat ons die woorde van Jesus in Johannes bestudeer, sal ons tot die slotsom kom om te weet wie Jesus werklik is.Sy woorde is waar.

6. **Inhoud**
Wanneer ander hoofstukke in die Johannes evangelie bestudeer word, sien ons van die maniere waarop Jesus sy gesag bewys het.

Vertel die verhaal van die man wat genees is by die bad van Betesda. Laat een van die studente Johannes 5:17-29 lees en vra watter twee aanklagte teen Jesus ingebring is. Laat een van die studente dit op die bord neerskryf.

Bespreek Jesus se betoog rakende die genesing op die Sabbat (verse 17-18). Laat die studente ander geleenthede waar Jesus op die Sabbat persone genees het, opsoek (die skrifverwysings is in u agtergrondstudie).

Bespreek verse 19-29 terwyl daar na noukeurig na elke vers gekyk word. Maak 'n lys van die verskeie werke wat aan die Seun gegee is.

7. **Slot**
Sommige mense sê dat Jesus slegs 'n goeie leermeester of profeet was. Is dit waar of nie? Lei die studente om te verduidelik of dit so is of nie. Is Jesus gekwalifiseerd om Regter te wees? Herhaal die geheuevers gesamentlik totdat almal dit ken.

Sluit af met gebed.

## Voorstelle vir persoonlike voorbidding:

1. Bid dat elkeen van die studente sal verstaan dat Jesus God en mens is.

2. Bid dat die studente die gesag van Jesus sal erken en sal toelaat dat Jesus Here in hul lewens sal wees.



Petrus vergifnis gevra. Judas het in sy sonde gesterf. Die ware kind van God sal in nederige berou terugkeer. Hy kan nie tevrede wees met sy sonde nie.

5. **Inleiding**
Marie en Ria was bure en baie goeie vriende. Hulle het dieselfde skool bygewoon en was in dieselfde klas. Hulle was lief vir mekaar en het baie tyd saam deurgebring. Hulle het ook ander vriende gehad en het dikwels saam met 'n groep meisies bymekaar gekom vir studie en kuier. In 'n gesprek eendag met 'n ander vriendin, het Marie uitgevind dat Ria 'n baie lelike aanmerking oor haar gemaak het. Sy was baie kwaad en teleurgesteld. Sy kon dit skaars glo dat Ria so iets sou gedoen het. Hulle was sulke goeie vriende. Hoekom sou sy haar so verraai het? Om verraai te word, is 'n baie teleurstellende ervaring.

6. **Inhoud**
Laat 'n leerling lees hoe Judas Jesus verraai het (Johannes 18:1-12).

Laat die leerlinge Judas beskryf. Skryf wat hulle sê op die bord. Maak seker hulle sluit die volgende in:

- gekies as dissipel (Matteus 10:4; Markus 3:19 of Lukas 6:16)
- tesourier van die dissipels (Johannes 13:29)
- gierig (Johannes 12:4-6)
- het 'n ooreenkoms aangegaan om Jesus te verraai (Matteus 26:14-16; Markus 14:10-11; Lukas 22:3-6)
- het die geld teruggeneem (Matteus 27:3-4)
- sy dood (Matteus 27:5-10; Handelinge 1:16-20)

Vra redes hoekom Judas Jesus kon verraai het. Gee Lukas se antwoord nadat die leerlinge hulle antwoorde gegee het (Lukas 22:3).

Die volgende vrae kan uit Johannes 13:37-38; 18:10 gevra word: "Wat het Petrus belowe? (om Jesus te verdedig) Wat het hy gedoen?" (Hy het die hoëpriester se slaaf se oor afgekap)

Bespreek die drie geleenthede waar Petrus Jesus verloën het. Laat die klas Petrus se reaksie na die haan gekraai het, bespreek.

Vergelyk Judas se dood en Petrus se berou.

7. **Slot**
Bespreek hoekom 'n ware Christen altyd na Christus sal terugkeer. Wat beteken dit vir ons? Sluit met gebed.

Vader wil. Die verwysing na "die beker" is die doel waarvoor Jesus gekom het. Sien ook Lukas 22:42 en Matteus 20:22.

4.2 **Petrus verloën Jesus (Johannes 18:17,25-27)**

In vers 15 lees ons dat Petrus en "'n ander dissipel" Jesus gevolg het. Hierdie ander dissipel was Johannes, die skrywer van die evangelie wat ons bestudeer. Johannes het in die binnehof van die hoëpriester se huis gegaan omdat die hoëpriester hom geken het. Petrus het saam met hom gegaan. Die jong meisie by die deur het gevra of Petrus ook 'n volgeling van Jesus was. Petrus het ontken dat hy Jesus se dissipel was. Hy mag bang gewees het dat die skare hom sou straf of na die hoëpriester sou neem. Hy het toe probeer om met die skare te meng sodat hy nie geïdentifiseer kon word nie.

Terwyl Petrus hom by 'n vuur in die binnehof warm gemaak het, het van die mense daar hom ook gevra of hy een van Jesus se dissipels was. Hy het geantwoord: "Ek is nie".

Die derde keer wat hy Jesus verloën het, het waarskynlik by dieselfde plek plaasgevind. Hierdie keer was dit 'n familielid van Malgas, die slaaf wie se oor Petrus afgekap het. Hy het beweer dat hy Petrus saam met Jesus in die tuin gesien het. Markus vertel dat Petrus begin vloek het en dit ontken het. Dadelik het hy die haan hoor kraai en besef wat hy gedoen het. Dit was 'n hartseer tyd vir Petrus en sy skuld was groot.

4.3 **Die gevolge van sonde**

Johannes vertel nie wat die twee mans gedoen het na hulle dade van sonde nie, maar die ander evangelieskrywers gee hierdie inligting. Judas het besef hy het 'n groot fout gemaak en het probeer om die geld wat hy betaal was, terug te gee. Matteus skryf dat die Joodse leiers geweier het om dit te neem en Judas het homself gehang (Mat-teus 27:3-5). Hy was jammer oor sy optrede, maar hy het nie vergifnis gevra nie. Hy was nie 'n ware volgeling van Christus nie.

Petrus het ook besef dat hy gesondig het en het buite toe gegaan en bitterlik gehuil (Matteus 26:75). Petrus was jammer en berouvol oor sy sonde. Hy het waarskynlik die Here om vergifnis gevra want hy was saam met die dissipels toe hulle gegaan het om die opgestane Here te sien. Alhoewel sy sonde net so erg soos Judas s'n was - daar is geen verskil in die oë van God nie - het



**Les 6**

# Die woorde van ewige lewe

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 6:59-69

2. **Doelstelling**
Die doel van hierdie les is om die leerlinge te leer dat Jesus die Brood van die lewe is wat volkome die mens se innerlike versadig.

3. **Geheuegedeelte**
Hand 4:12: "Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie".

4. **Agtergrond (Johannes 6:1-71)**
Hoewel dit Jesus se primêre doel was om die skare te leer, het Hy hulle ook kos gegee toe hulle honger was. Hierdie wonderwerk word ook in Matteus 14:13-21 en Lukas 9:10-17 weergegee.

4.1 **Jesus Voed die Skare (Johannes 6:1-58)**

Jesus het die mense wat na Hom kom luister het, van kos (brood) voorsien. As gevolg van hierdie wonderwerk wou hulle Hom koning maak. Hulle het gehoop dat Hy hulle elke dag van kos sou voorsien. Jesus wou nie toelaat dat hulle Hom koning maak nie en het alleen verder die berg op gegaan.

Dieselfde dag het sy dissipels met 'n skuit oor die meer gevaar. Terwyl 'n kwaai storm om hulle gewoed het, het Jesus op die water na hulle toe geloop, by hulle in die skuit geklim en hulle het veilig by die land aangekom.

Die volgende dag het die skare wat die wonderwerk van die vermeerdering van die brood beleef het, Jesus gesoek. Hy het hulle harte geken en geweet hoekom hulle Hom soek. In vers 59 het Jesus die mense geleer dat Hy die brood van die lewe is. Hy is anders as die brood wat Hy hulle die vorige dag gegee het, want Hy versadig volkome (sien Johannes 4). Jesus het ook die mense ontstel deur te sê dat Hy uit die hemel gekom het. Hulle was oortuig Hy was die seun van Maria en Josef en het van Nasaret gekom. Jesus het die mense verder geleer dat hulle sy liggaam moet eet en sy bloed moet drink (vers 52-58). Hierdeur

het Christus getoon dat mense Hom in hulle lewens moet toelaat. Hy moet in ons lewe, dan sal ons die ewige lewe ontvang. Hy versadig volkome.

4.2 **Jesus Gee 'n Harde Uitspraak (Johannes 6:59-65)**

Baie mense het Jesus verlaat omdat hulle gevoel het sy eise was te hoog. Hulle het Hom gesien as een wat materiële dinge kon gee en nie as een wat so intieme verhouding met sy volgelinge eis nie.

Jesus het verder ook gesê: "Wie hierdie brood eet, sal ewig lewe." Die mense wou fisiese brood gehad het. Jesus het geweet wat hulle gedink en gesê het. Hy het ook geweet as hulle nie dít verstaan het nie, hulle nooit sy hemelvaart sou verstaan nie. Hulle het 'n aardse koninkryk met Jerusalem as hoofstad verwag. Hulle het fisiese belonings verwag terwyl Jesus besorg was oor geestelike belonings. Dit is waar van die woorde in vers 54-56. Hierdie woorde het 'n simboliese betekenis gehad. Om Christus se liggaam te eet en sy bloed te drink beteken om Hom te aanvaar as Here en Verlosser. Jesus het geweet wie ware volgelinge was en wie sou wegval. Sommige was nie gewillig om aan sy eise te voldoen nie. Hulle het nie geloof gehad nie. Jesus was sekerlik teleurgestel toe hulle Hom verlaat het. Slegs diegene wat deur die Vader na Jesus toe getrek is, sou ware dissipels wees. God beheer verlossing volkome. Die mens moet slegs kies wat hy wil doen.

4.3 **Jesus se dissipels aanvaar sy uitdaging (Johannes 6:66-69)**

Die meeste mense het Jesus verlaat toe hulle sy eise hoor, maar die twaalf het gebly. Jesus het hulle gevra of hulle Hom ook gaan verlaat. Hy het hulle 'n keuse gegee. Hy dwing nooit enigiemand om Hom te volg nie. Simon Petrus het namens die ander gepraat. Hy het gesê daar was nêrens anders waarheen hulle kon gaan nie, want net Jesus het die ewige lewe. Die dissipels het geweet hulle het Jesus nodig. Dié wat weggegaan het, het nie hulle nood besef nie. Daar was baie dinge wat die dissipels nie verstaan het nie, maar hulle het geglo Jesus was die Messias (Gesalfde) van God.

5. **Inleiding**
Die meeste mense in die wêreld beskou een of ander soort brood as belangrik in hulle dieet. Mense raak bekommerd wanneer daar 'n tekort aan brood of die bestandele daarvan is. Groot dele van Afrika het die afgelope jare hongersnood beleef. Hulle moes dikwels graan van ander lande invoer.

Jesus het die term, brood van die lewe, gebruik om homself as die gewer van ewige lewe te beskryf. Sy lering in hierdie hoofstuk is gebasseer op die



Les 8

# Jesus word verraai en verloën

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 18:1-2, 17, 25-27

2. **Doelstelling**
Die doel van die les is om die leerlinge te leer om teen die versoekinge van Satan te waak.

3. **Geheuegedeelte**
Johannes 18:11: "Toe sê Jesus vir Petrus: 'Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie?'"

4. **Agtergrond (Johannes 18:1-27)**
Dit was deel van God se plan dat Jesus deur Judas verraai moes word. Judas was egter nie gedwing om Jesus te verraai nie. Hy het self die keuse gemaak. Judas was deur Satan versoek en het vir die versoeking ingegee.

4.1 **Judas verraai Jesus (Johannes 18:1-12)**

Die Kidron vallei is net buite Jerusalem geleë. Die tuin word Getsemane genoem (Matteus 26:36) en is geleë op die Olyfberg (Lukas 22:39). Volgens Johannes het Jesus en sy dissipels dikwels daar ontmoet vir gebed. Judas het die Joodse leiers belowe dat hy Jesus sal identifiseer sodat die soldate Hom kon gevange neem (Matteus 26:14-16). Hy het dit gedoen vir dertig stukke silwer. Lukas 22:3 stel dit dat die Satan in Judas ingevaar het.

Jesus kon die soldate weerstaan het, maar Hy het geweet dat sy uur om aan die kruis te sterf, aangebreek het. Toe hy vir die soldate sê Hy is die een wat hulle soek, het hulle met vrees teruggeval. Hulle was verbaas dat Jesus homself so maklik geïdentifiseer het (sien vers 10 vir Petrus se reaksie). Die swaard wat Simon Petrus gebruik het, kon 'n klein dolk gewees het. Volgens sommige het hy probeer om die man se kop af te sny, maar het gemis toe die man na die kant beweeg. Die man was 'n slaaf van die hoëpriester en sy naam was Malgas. Petrus het probeer om Jesus te verdedig soos hy belowe het (Johannes 13:37). Dit lyk egter of sy moed hom hierna verlaat het. Jesus het Petrus beveel om sy wapen weg te sit, want Hy moet doen wat die

Jaco was 'n belowende jong eerstejaar student op universiteit. Hy het baie goed gedoen op skool en het 'n belowende toekoms gehad. Hy het egter in 'n motorongeluk gesterf. Sy belowende toekoms was verby voordat hy 'n kans gehad het om sy ideale te bereik. Of ons jonk of oud is, ons kan enige tyd sterf. Ons hoef egter nie benoud te wees om die dood tegemoet te gaan nie. Jesus is Here oor die dood.

6. **Inhoud**

Laat die leerlinge die gedagte van en vrees vir die dood bespreek. Lok gesprek uit deur vrae soos, "Dink jy soms aan die dood?" en "Is julle bang vir die dood?"

Laat die leerlinge woordprentjies uit vorige hoofstukke noem (die woord, water, brood, lig, herder, ens.). "Vandag noem Jesus Homself die opstanding en die lewe."

Laat iemand Johannes 11:1-16 lees. Stel die volgende vrae vir bespreking: "Waarom het Jesus uitgestel om na Betanië te gaan? Hoekom was die dissipels bang dat Jesus na Betanië sou gaan (Johannes 10:31,39)? Hoekom was Maria en Marta teleurgesteld in Jesus?"

Vertel wat in Betanië gebeur het. Vra die leerlinge wat het Jesus omtrent die opstanding en die lewe geleer. Bespreek hierdie lering sorgvuldig.

Vraag aan leerlinge: "Wat in hierdie verhaal wys vir ons dat Jesus 'n mens was?"

7. **Slot**

"Wat was Jesus se doel met Lasarus se dood?" (Jesus wou hê sy dissipels moes verstaan dat die doel in dié dood was dat God verheerlik moes word)

Laat die leerlinge die gevolge van hierdie ondervinding bespreek (Sommige was in staat om te sien dat Jesus selfs mag oor die dood gehad het. Ander het nog steeds getwyfel. Hulle het meer gedink oor hoe hulle Jesus om die lewe kon bring).

Laat iemand op die bord skryf terwyl die ander leerlinge maniere noem hoe hierdie studie ons kan help (gee hoop vir gelowiges, wys dat Jesus omgee, wys Hy was mens, wys Jesus se gehoorsaamheid aan die wil van die Vader, leer ons dat oorvloedige lewe begin die oomblik wat ons Jesus in ons lewe aanvaar).

Leer die Geheue Vers. Maak seker almal weet waar die vers in die Bybel voorkom. Sluit met gebed.



wonderwerk waarmee Hy die vyf duisend mense gevoed het. Hulle was besorg oor brood, maar Jesus het hulle iets belangriker as brood gewys.

6. **Inhoud**

Vertoon 'n brood of prentjie van brood (of teken 'n prentjie van 'n brood op die swartbord).

Laat die leerlinge van die woordprentjies wat in die vorige hoofstukke hanteer is, opnoem (Lam van God, water van lewe, ens.).

Skets die agtergrond in Johannes 6:1-58.

Verduidelik die lering van Jesus aangaande die brood van die lewe.

Laat iemand Johannes 6:59-69 lees. Vraag aan leerlinge: "Wat beteken 'harde uitspraak'"? ('n "Harde uitspraak" is 'n uitspraak wat moeilik is om te aanvaar.)

Laat die leerlinge van die "harde uitsprake" in Johannes 6:26-58 vind.

Vraag aan leerlinge: "Die meeste mense wou nie Jesus se lering aanvaar nie. Wat het hulle eintlik verwag?" (Hulle het fisiese brood en 'n aardse koninkryk verwag.)

Bespreek die mense se reaksie (hulle het Jesus verlaat) en hoe mense vandag nog so reageer. Wys hoe Jesus se woorde op geestelike dinge betrekking het en nie op aardse dinge nie.

Laat iemand vers 65 lees. Bespreek die betekenis van dié vers.

7. **Slot**

"Hoekom dink julle het die twaalf gebly toe die ander Jesus verlaat het?" Bespreek. "Dink aan jou eie lewe. Wat verwag jy van Jesus (Moenie laat antwoord nie)? Beskou jy die eise om Jesus te volg te hoog?" Lees vers 65 weer. "Dank die Here dat Hy jou gered het, of as jy Jesus nog nie in jou lewe ingelaat het nie, vra Hom om dit nou te doen as ons bid". Laat tyd toe vir stil gebed en bid dan hardop.

Les 7

# Jesus, Here oor die dood

1. **Skrifgedeelte**
Johannes 11:17-27

2. **Doelstelling**
Die doel van hierdie les is om die leerlinge te leer dat Jesus mag oor die dood het.

3. **Geheuegedeelte**
Johannes 11:25: "Toe sê Jesus vir haar: 'Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook'".

4. **Agtergrond (Johannes 11:1-57)**
Die werklike doel van die siekte en dood van Lasarus was om God te verheerlik deur Jesus.

4.1 **Jesus se doel met Lasarus se dood (Johannes 11:1-16)**

Daar kan nie met sekerheid gesê word waar Jesus ten tye van Lasarus se afsterwe was nie. Volgens Johannes 10:40 was Hy by die plek waar Johannes die Doper in die begin gedoop het. Volgens Johannes 1:28 sal dit dan waarskynlik naby Betanië gewees het. Hoe dit ook al sy, Maria en Marta moes 'n boodskapper met die nuus van Lasarus na Jesus stuur. Vanuit Johannes 11:7 is dit duidelik dat Jesus buite Judea was. Toe Jesus besluit het om na Betanië in Judea te gaan, was sy dissipels bang omdat die Joodse leiers in Jerusalem Hom wou arresteer. Betanië is ongeveer drie kilometer van Jerusalem. Jesus se antwoord was dat Hy die werk moet doen waarvoor sy Vader Hom gestuur het.

4.2 **Jesus onderrig omtrent die opstanding (Johannes 11:17-27)**

Jesus het twee dae uitgestel voordat Hy na Betanië gegaan het. Hy wou wys dat selfs al was Lasarus 'n paar dae dood, het Hy die mag gehad om hom weer in die lewe terug te bring. Die opwekking van die weduwee se seun en Jaïrus se dogter het plaasgevind op dieselfde dag as wat hulle oorlede is. Jesus het geweet sommige mag twyfel of hulle werklik dood was. Hierdie keer kon daar geen twyfel wees nie. Lasarus was in die graf vir vier dae. Diegene teenwoordig het geweet daar sou 'n reuk wees



omdat die liggaam reeds sou begin ontbind het.
Nog voordat Jesus die dorpie bereik het, het Marta, Lasarus se suster, gehoor dat Hy kom en het Hom tegemoet gehardloop. Sy was baie teleurgesteld dat Jesus nie vroeër gekom het nie. Maria en Marta het gedink Jesus sou saam met die boodskapper gekom het. Albei susters het Hom met dieselfde woorde gegroet: "Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie." Ons doen dikwels dieselfde wanneer ons deur 'n tragedie getref word. Ons vra hoekom en vergeet God het 'n doel met alles.

Toe Jesus vir Marta sê haar broer sal weer lewe, het sy gedink Hy bedoel met die opstanding. Jesus het vir haar gesê Hy is die opstanding en die lewe. Dit beteken Hy is die Een wat die opstanding en lewe moontlik maak.

Let daarop dat geloof in Jesus noodsaaklik is om die beloofde opstanding te ontvang. Daar sal 'n opstanding vir alle mense wees, maar nie almal sal tot die lewe opgewek word nie. Slegs dié wat in Christus vertrou, ken die opstanding waarvan Jesus gepraat het. Die lewe wat Jesus gee begin wanneer 'n persoon Hom vertrou. Dit is "oorvloedige lewe" wat vir ewig by God voortduur.

4.3 **Jesus wek Lasarus op (Johannes 11:28-53)**

Toe Jesus Maria sien huil het, was Hy ook hartseer (vers 32-35). Jesus was 'n mens en het die hartseer en verdriet geken wat iemand beleef wat 'n geliefde verloor het. Dit is waarom Hy ons in ons nood kan bedien. Hy het dieselfde nood deurgemaak.

Voordat Jesus Lasarus uit die graf geroep het, het Hy tot die Vader gebid en Hom gedank dat Hy sy gebed beantwoord. Hy het God ook gedank dat dit sy wil was dat Lasarus opgewek sou word. Jesus het alles in gehoorsaamheid aan God se wil gedoen (Johannes 5:19).

Toe Lasarus uit die graf gekom het, het sommige Jesus geglo, maar ander het steeds getwyfel. Sommige van die ongelowige Jode het na Jerusalem gegaan om die Joodse leiers te vertel. Van daardie tyd af het hulle na 'n manier begin soek om Jesus dood te maak. Hulle was bang dat baie mense Hom sou volg, wat probleme met die Romeinse owerhede sou veroorsaak. Hulle was ook bang dat Jesus hulle plek en mag oor die mense sou oorneem.

5. **Inleiding**